# CHANGE – Bybelstudie

**Week 1:**

*Hieronder is 'n teksvers vir elke dag van die week. Die challenge is om elke dag van die week die vers vir die dag te lees en daaroor te gaan nadink. Wat beteken dit vir jou? Wat dink jy wil die Here vir jou daarin sê? Die gedagte is om dit te lees end aaroor te dink soveel as moontlik deur die loop van jou dag. Hoe daag dit jou uit om anders te begin dink?*

**Maandag: Romeine 12:2** "*Laat God julle verander deur julle denke te vernuwe..."*

**Dinsdag: Psalm 1:2** "*Dit gaan goed met die mens wat in die Woord van die Here sy vreugde vind, dit dag en nag oordink."*

**Woensdag: Josua 1:8** *"Hierdie wetboek moet die rigsnoer wees vir alles wat jy sê. Oordink dit dag en nag en sorg dat jy alles uitvoer wat daarin geskryf staan.*

**Donderdag: 2 Korintiërs 10:5** "*Ons neem elke gedagte gevange om dit aan Christus gehoorsaam te maak..."*

**Vrydag: Psalm 119:59** *"Ek het die koers van my lewe oordink, en na u verordeninge teruggekeer."*

**Saterdag: Psalm 63:7-8** *"As ek aan U dink op my bid, aan u peins in die nag, dan weet ek: U is vir my 'n hulp en dan juig ek oor die beskerming onder u vleuels."*

**Sondag: Filippense 4:7** *"En die vrede van God wat alle verstand te bowe gaan, sal oor julle harte en gedagtes die wag hou in Christus Jesus."*